

## **1. INLEIDING**

Die Algemene Steunspan Fondse en Bates (ASFB) het aan verskeie sake aandag geskenk en gefunksioneer volgens die bepalings van Reglement 6 vir die ASFB. Die verslagdoening vanaf die Beleggingskommissie, as substeunspan van die ASFB, was baie volledig en die Algemene Sinode se Beleggingsportefeulje het goed presteer.

## **2. VOORSTELLE EN AANBEVELINGS WAT FINANSIËLE IMPLIKASIES HET**

### **2.1 AANBEVELING: VOORSTELLE EN AANBEVELINGS WAT FINANSIËLE IMPLIKASIES HET**

Die Algemene Sinode besluit dat alle voorstelle wat 'n finansiële implikasie het eers na die Tydelike Algemene Steunspan Fondse en Bates verwys word.

## **3. WYSIGING VAN REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE STEUNSPAN FONDSE EN BATES**

### **3.1 AANBEVELINGS: REGLEMENT 6 (REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE STEUNSPAN FONDSE EN BATES) (FONDSE EN BATES BYLAAG 1)**

Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir die ASFB soos volg te wysig:

3.1.1 Skrap §2.1 en hernommer

3.1.2 Skrap §3.5 en vervang met nuwe §3.5:

3.5 kontroleer en bespreek die jaarlikse geouditeerde finansiële state en bestuursbrief van die Algemene Sinode en lê dit aan die Ouditkomitee voor wat dit dan aanbeveel na die Algemene Sinode/Moderamen vir goedkeuring;

3.1.3 Voeg in nuwe §5:

### **5. DAGBESTUUR**

5.1 Die Dagbestuur word saamgestel uit die Voorsitter, Ondervoorsitter en Skriba van die ASFB. Die Algemene Sekretaris en die rekenmeester in die kantoor van die Algemene Sinode is ex officio lede van die Dagbestuur.

5.2 Die Dagbestuur handel met sake soos verwys deur die ASFB binne die delegasies soos goedgekeur deur die ASFB met verslagdoening aan die ASFB.

## **4. HERSIENING VAN REGLEMENT 20: DIE REGLEMENT VIR EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE**

4.1 Die Algemene Sinode 2013 het versoek dat die ASFB in oorleg met die ASR die Reglement vir Eiendomme, Goedere en Fondse indringend hersien en toepaslike besluite van die Algemene Sinode rakende die oprigting, beheer en bestuur van kerklike maatskappye en ander regsentiteite, asook die vereistes van tersaaklike wetgewing, daarin opneem. Kyk **FONDSE EN BATES BYLAAG 2**.

### **4.2 AANBEVELING: REGLEMENT 20**

Die Algemene Sinode besluit om die hersiene Reglement 20: **REGLEMENT VIR KERKLIKE GOEDERE** goed te keur.

## **5. VERSLAG VANAF DIE BELEGGINGSKOMMISSIE**

5.1 Die verslag is aangeheg as **FONDSE EN BATES BYLAAG 3**.

### **5.2 AANBEVELINGS: BELEGGINGS**

Die Algemene Sinode besluit om

5.2.1 die mandaat dat die ASFB die verantwoordelikheid het om sy beleggingsportefeulje deurlopend te beskerm deur te verseker dat die nodige maatreëls in plek is, te herbevestig.

5.2.2 die Beleggingskommissie se verslag met dank te aanvaar.

## **6. SAKE WAARAAN DIE ASFB AANDAG GESKENK HET**

### **6.1 ONDERSTEUNENDE BETAALSTELSE**

6.1.1 Die Algemene Sinode 2013 het besluit dat die Algemene Steunspan Fondse en Bates die ondersteunende betaalstelsel in oorleg met die Algemene Steunspan Predikantesake moet ondersoek.

### **6.1.2 AANBEVELING; ONDERSTEUNENDE BETAALSTELSE**

Die Algemene Sinode neem kennis dat die saak aandag geniet het en dat die verslag vanaf die ASP oor hierdie sake by die Oktober 2015 vergadering van die ASFB sal dien.

## 6.2 BELEIDE GOEDGEKEUR

**6.2.1** Die ASFB het die volgende beleid mdo op sy werksaamhede hanteer en goedgekeur: (a) Begrotingsbeleid; (b) Beleid vir die Ouditkomitee; (c) Beleid vir die aanstelling van lede van die Ouditkomitee; (d) Werkskedule van die ASFB; (e) Etiek ten opsigte van die ontvangs van geskenke; (f) Riglyne ten opsigte van konflik van belange insake persoonlike bevoordeling en die aanvaarding van geskenke; (g) Donasiebeleid van die Algemene Sinode; (h) Beleid vir ad hoc-interne lenings en oorbruggingsfondse; (i) Riglyne vir die Gebeurlikheidsfonds; (j) Delegasies vir die Dagbestuur van die Steunspan Fondse en Bates; (k) Kompenserende Vergoedingsbeleid.

### 6.2.2 AANBEVELING: BELEID

**Die Algemene Sinode neem kennis van die bostaande beleide wat deur die ASFB goedgekeur en geïmplementeer is.**

## 6.3 AANPASSING VAN DIE BELEGGINGSBELEID

6.3.1 Die ASFB het die volgende aanpassing goedgekeur:

Die Algemene Sinode moet beleggingspapier besit wat 'n gradering het van

Moody's		S&P		Fitch	
Long-term	Short term	Long-term	Short-term	Long-term	Short-term
Aaa	P-1	AAA	A-1+	AAA	F1+
Aa1		AA+		AA+	
Aa2		AA		AA	
Aa3		AA-		AA-	
A1	P-2	A+	A-1	A+	F1
A2		A		A	
A3		A-	A-2	A-	F2
Baa1	P-3	BBB+	A-3	BBB+	F3
Baa2		BBB		BBB	
Baa3		BBB-		BBB-	

met inagneming van die verantwoordelikheid wat op kategorie 2-fondsbestuurders rus.

### 6.3.2 AANBEVELING: BELEGGINGSBELEID

**Die Algemene Sinode neem kennis van die bostaande wysiging van die Beleggingsbeleid wat deur die ASFB goedgekeur en geïmplementeer is.**

## 6.4 FINANSIËLE AANGELEENTHEDE WAARAAN DIE ASFB AANDAG GESKENK HET

### 6.4.1 Goedkeuring van Begroting 2015/16

Bespreking van Begroting Algemene Sinodesitting 2015

### 6.4.2 Verslagdoening aan die ASFB:

6.4.2.1 Finansiële state van die Algemene Sinode (Rekenmeester)

6.4.2.2 Inkomstestaat en Begroting

6.4.2.3 Die ASFB is van mening dat streng begrotingsbeheer (moet 'n Artikel 43 saak wees) baie belangrik is en deurlopend volgens die Finansiële Bestuursbenadering hanteer moet word. Alle oorskrydings van en verskuiwings binne die begroting moet volgens duidelike riglyne hanteer word en gerapporteer word aan die ASFB in die toekoms.

6.4.2.4 Kontantvloeistaat

### 6.4.3 Vergoedingspakket van bedienaars van die Woord

### 6.4.4 Stelsel van interne kontroles, delegasies asook 'n risikobestuurplan

Die ondersoek na die stelsel van interne kontroles, delegasies asook 'n risikobestuurplan geniet nog die aandag van die Dagbestuur.

### 6.4.5 AANBEVELING: FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

**Die Algemene Sinode neem kennis van die hantering van bostaande finansiële aangeleenthede deur die ASFB.**

## 6.5 BESKIKBAARHEID VAN FONDSE

6.5.1 Inligting ontvang van die sinodes: die situasie van die gemeentes in die verskillende sinodes vir 2013/14 – kyk **FONDSE EN BATES BYLAAG 4** (Indien moontlik sal 'n bygewerkte tabel beskikbaar wees by die Algemene Sinode).

## **6.5.2 AANBEVELINGS: BESKIKBAARHEID VAN FONDSE**

**6.5.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van BYLAAG 4.**

**6.5.2.2 Die Algemene Sinode besluit om te volstaan met die huidige 0,28% heffing vir elke Sinode en dat dit nie hoër aangepas moet word nie. Elke Sinode se bydrae tot die Algemene Sinode word beperk tot 0,28% van die vorige jaar se totale lopende inkomste van die gemeentes.**

## **7. VERSLAG VANAF DIE ALGEMENE SINODE SE OUDITKOMITEE**

**7.1** Die Algemene Sinode 2013 het die Algemene Steunspan Fondse en Bates versoek om in oorleg met die Algemene Steunspan Regte 'n Reglement vir die Ouditkomitee van die Algemene Sinode saam te stel en vir tussentydse goedkeuring en implementering aan Moderamen voor te lê. Die volgende Algemene Sinode doen die finale goedkeuring.

**7.2** Die Ouditkomitee het die eerste keer vergader op 20 Julie 2015. Die ASM het die volgende onafhanklike lede goedgekeur:

Mnr A S Ferreira	Lid (Onafhanklik) CA(SA) - Voorsitter
Me DJ Myburgh	Lid (Onafhanklik) CA(SA) - Ondervoorsitter
Mnr H Odendaal	Lid (Onafhanklik) CA(SA)
Mnr P D Zeeman	Lid (Onafhanklik) CA(SA)

**7.3** Die Ouditkomitee het die volgende beleide bespreek en gewysig vir voorlegging aan die Algemene Sinode vir goedkeuring:

**7.3.1** *Beleid vir die Ouditkomitee* – kyk **FONDSE EN BATES BYLAAG 5**

**7.3.2** *Beleid vir die aanstelling van lede van die Ouditkomitee* – kyk **FONDSE EN BATES BYLAAG 6**

**7.4** Die Ouditkomitee het die *geouditeerde Finansiële State vir die jaar geëindig Februarie 2015 en die Bestuursbrief* bespreek. Dit is 'n skoon verslag. Die Ouditkomitee beveel aan dat die Algemene Sinode die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig Februarie 2015 goedkeur (die state is elektronies aan elke afgevaardigde voorsien en daar sal papierkopieë vir verwysing ter vergadering wees. In die jaar waarin die Algemene Sinode sit keur die Algemene Sinode die state goed).

### **7.5 AANBEVELINGS: OUDITKOMITEE**

**Die Algemene Sinode besluit om die**

**7.5.1** *Beleid vir die Ouditkomitee goed te keur.*

**7.5.2** *Beleid vir die aanstelling van lede van die Ouditkomitee goed te keur.*

**7.5.3** *Geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig Februarie 2015 goed te keur.*

Hiermee vertrou die ASFB dat hy sy opdragte en take uitgevoer het.

Ds JPA Brink (Voorsitter)

Dr AS Koorts (Skriba)

## FONDSE EN BATES BYLAAG 1

# REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE STEUNSPAN FONDSE EN BATES (REGLEMENT 6)

## 1. NAAM

Algemene Steunspan Fondse en Bates (ASFB).

## 2. SAMESTELLING

- 2.1 ~~Die Algemene Sinode of die Bedryfspan wys vir elke termyn tussen sinodesittings 'n Algemene Steunspan Fondse en Bates aan.~~
- 2.2 Die Steunspan word saamgestel uit een lid per sinode met sekundus deur die sinode of sy gevolmagtigde genomineer.
- 2.3 Sinodes kan op eie koste 'n bykomende lid met adviserende stem aanwys.
- 2.4 Die algemene sekretaris en die rekenmeester in die kantoor van die Algemene Sinode is ex officio lede van die Steunspan.
- 2.5 Die voorsitters van die substeunspanne wat die Steunspan aanwys, woon die vergadering adviserend by.
- 2.6 Die Steunspan kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit eie geledere.

## 3. OPDRAG

Die Steunspan

- 3.1 adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word ten opsigte van finansiële bestuur, bates, beleggings, eiendomme en audit;
- 3.2 stel jaarliks in oorleg met die Bedryfspan die begroting vir onderskeidelik die strategiese en operasionele werksaamhede van die Algemene Sinode op aan die hand van
  - 3.2.1 Artikel 43 van die *Kerkorde*;
  - 3.2.2 die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode;
  - 3.2.3 die prioriteite deur die Algemene Sinode gestel;
  - 3.2.4 die begrotings- en beleggingsbeleid van die Algemene Sinode; en
  - 3.2.5 die beskikbaarheid van fondse daarvoor.
- 3.3 hou toesig oor die besteding van fondse ten opsigte van al die werksaamhede van die Algemene Sinode, waaronder die administratiewe, personeel- en kapitale uitgawes;
- 3.4 tree in gesprek met die Ouditkomitee soos nodig;
- 3.5 ~~kontroleer en bespreek die jaarlikse geouditeerde finansiële state en bestuursbrief van die Algemene Sinode en lê dit aan die Algemene Sinode/Moderamen vir goedkeuring voor;~~ kontroleer en bespreek die jaarlikse geouditeerde finansiële state en bestuursbrief van die Algemene Sinode en lê dit aan die Ouditkomitee voor wat dit dan aanbeveel na die Algemene Sinode/Moderamen vir goedkeuring;
- 3.6 lewer jaarliks insette aan die Steundiens Menslike Hulpbronne in verband met die riglyne vir die vergoedingspakket van bedienaars van die Woord;
- 3.7 beoordeel die finansiële implikasies by die vulling van vakatures in poste vir werknemers in algemene sinodale diens;
- 3.8 sien toe dat die *Reglement vir Eiendomme, Goedere en Fondse* uitgevoer word ten opsigte van die Algemene Sinode, die afsonderlike regsentiteite en trusts se fondse en bates;
- 3.9 tree op in alle regsdinge of dispute oor eiendom, goedere en fondse sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoeve van die Algemene Sinode na raadpleging van die Algemene Steunspan Regte;
- 3.10 stel in oorleg met die Algemene Steunspan Regte reglemente op vir geadministreerde fondse en lê dit vir goedkeuring voor aan die Algemene Sinode of die Moderamen wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is nie;
- 3.11 wys sonder afstanddoening van aanspreeklikheid die nodige substeunspanne aan om gedelegeerde werksaamhede te onderneem, waaronder 'n substeunspan vir beleggings en 'n substeunspan vir eiendom;
- 3.12 wys elke twee jaar drie fidusiêre verantwoordelike persone aan soos vereis vir die Algemene Sinode as Openbare Weldaadorganisasie; en
- 3.13 sien toe dat die jaarlikse opgawe van inkomste aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) voorsien word soos deur die Belastingvrystellingseenheid van die SAID vereis.

#### **4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

- 4.1 Die Steunspan konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader ten minste twee keer per jaar op nie-elektroniese wyse.
- 4.2 Indien nodig, kan bykomend van die elektroniese vergaderingswyse gebruik gemaak word.

#### **5. DAGBESTUUR**

- 5.1 Die Dagbestuur word saamgestel uit die Voorsitter, Ondervoorsitter en Skriba van die ASFB. Die Algemene Sekretaris en die rekenmeester in die kantoor van die Algemene Sinode is ex officio lede van die Dagbestuur.
- 5.2 Die Dagbestuur handel met sake soos verwys deur die ASFB binne die delegasies soos goedgekeur deur die ASFB met verslagdoening aan die ASFB.